

Prys die Here!

Halleluja – prys die Here! Dit is hoe hierdie psalm begin en eindig. In die woorde van die beryming van Psalm 150:3 beteken hierdie oproep tot lof dat al wat kruip en roer en sweef, al wat asem het en leef, tesame moet uitroep: Halleluja – loof die Here!

Waarom?

Want ons grote God is Here van die geskiedenis (vs. 2), van die natuur (vs. 8) en van sy Woord (vs. 19). Wat 'n voorreg en troos is dit nie om te glo en te bely dat my eie lewe nie deur die noodlot of toeval bepaal word nie, maar dat ons Here getrou oor my waak en alles my ten goede laat meewerk. Wat 'n voorreg en troos is dit nie om daaraan te kan vashou dat ek deur Christus sy kind is en dat niks en niemand my ooit uit sy hand kan ruk nie. Hy alleen is en bly Here van my lewe.

Ons grote God is ook Here van die natuur. Sonder stem en onhoorbaar volg seisoene mekaar in reëlmaat op. Tussenin staan natuurrampe soos bergtoppe uit. Wat 'n voorreg en troos is dit nie om te weet dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare uit sy Vaderhand kom! Onteenseglik verkondig die ganse skepping: Die Here alleen is God!

Ons God is ook Here van die Woord. Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. So maak Hy Homself dan deur die geskiedenis, die skepping en besonderlik deur sy Woord aan ons bekend. Daarin sien ons sy almag, trou en liefde vir ons, sy kinders. Daarin vind ons troos en sekerheid in hierdie lewe.

Saam met al wat kruip en roer en sweef en al wat asem het en leef, bely ook ons: Ons God is Here oor alles en almal, altyd. Daarom jubel ons dit uit: Halleluja – loof die Here!

Sing: Psalm 147:1, 3

Ds Fanie van der Schyff (Potchefstroom-Moorivier)